# DIE SKOPUS VAN DIE HEILIGE SKRIF

DRS. J. DU T. FÜRSTENBERG

## ORIËNTEREND

Kenmerkend vir die huidige intensiewe besinning in die kring van die Gereformeerde teologie oor die vraekompleks rondom die Heilige Skrif is onder meer die **genuanseerde wyse van vraag- en probleemstelling.** Daar word byvoorbeeld nie bloot oor die gesag van die Skrif en die prinsipiële fundering daarvan gehandel nie, maar herhaaldelik word in resente publikasies die vraag na die spesifieke **aard** en **eiesoortigheid** van die Skrif self, van sy gesag, teopneustie en kanonisiteit, sy betroubaarheid en duidelikheid en so meer pertinent aan die orde gestel. Dit is — samevattend — die vraag na die **modus quo** van die Heilige Skrif as Woord van God[1]).

Hierdie opvallende aksent in die benadering van die Skrif word gedra deur die oortuiging dat 'n Skrifleer alleen dán legitiem is, as dit — van die **begin** af! — betrokke is op die **werklike** en **konkrete** Skrif, die Skrif na sy **inhoud** en sy **boodskap.** Die vraag **waarin** die gesag, betroubaarheid ensovoorts van die Skrif in concreto bestaan, kan met ander woorde alleen uit die **inhoudelike** Skrif beantwoord word[2]). Sodra daar egter intensief met die inhoud van die Skrif omgegaan word, kom tewens die eiesoortigheid van die Skrif, sy besondere **intensionaliteit, gerigtheid** en **doel,** kortom die **skopus van die Heilige Skrif,** onontwykbaar op die Bybelondersoeker af[3]).

---

1. Vergelyk onder andere G. C. Berkouwer: **De Heilige Schrift,** I, p. 7: „rekenschap aangaande de **aard der inspiratie**"; idem, p. 192: „de **aard** van het Schriftgezag"; **De Heilige Schrift,** II, p. 190: „de aard van de betrouwbaarheid der Schrift"; in verband met die aard en sin van die perspicuitas Sacrae Scripturae, idem, p. 251: „en noodzakelijke nuancering van de duidelikheid". H. N. Ridderbos: **Heilsgeschiedenis en** Heilige Schrift, p. 33, oor „het **hoe** van de canon"; **Feilloosheid, onfeilbaarheid, autoriteit,** in: **Het Woord, het Rijk en onze verlegendheid,** p. 66, oor „de aard, de werklijkheid en de **gerichtheid** der Schrift"; idem, p. 70: dat ons sal leer verstaan „waarin het eigenlijke, de aard, de inhoud van de openbaring is gelegen en daarmee ook de aard en de omvang van het Schriftgezag". J. L. Koole: **Verhaal en Feit in het Oude Testament,** p. 42: „Sinds enige tijd is onder ons het vraagstuk van de aard van het Schristgezag . . . aan de orde". Tj. Baarda: **De Betroubaarheid van de Evangeliën,** p. 80: „Wat is de aard van de betroubaarheid? Daarover moet ons gesprek gaan." G. P. Hartvelt: **Over Schrift en Inspiratie,** p. 14, oor „de mogelijkheid dat nieuwe vraagstellingen de aard van het gezag der Schrift ons beter doen verstaan". Vgl. ook **Klare Wijn. Rekenschap over geschiedenis, geheim en gezag van de Bijbel,** hf. IV, A (p. 174 vv.), waar getrag word om die gesag van die Skrif na sy aard en bedoeling te omskryf.
2. Vergelyk G. C. Berkouwer: **De Heilige Schrift,** I, p. 45, p. 108 en II, p. 206.
3. Vergelyk G. C. Berkouwer: **H.S.**, I, p. 176: „Het is deze intentionaliteit, die met het getuigenis der Heilige Schrift zelf gegeven is, omdat zij . . . ons over haar doelgerichtheid geen ogenblik in het onzekere laat."

Twee begrippepare — waarin telkens 'n alternatiewe benadering van die Heilige Skrif sig afteken — kan die saak waarom dit te doen is, verhelder. Die eksponente van die skopusgedagte verteenwoordig 'n **nuanserende** teenoor 'n **nivellerende** Skrifbeskouing en -benadering. Op hierdie wyse — waartoe die Skrifgetuienis self die aanleiding gee — word gemeen dat die onmiskenbare **sentraliteit,** asmede die ryke **geskakeerdheid, die (heils)-historiese reliëf,** die **openbaringshistoriese gesitueerdheid** en die **gedifferensieerdheid** (wat stof en literêre genre betref) van die Skrifinhoud meer adekwaat tot hul reg kan kom as by 'n benadering waar alle Skrifwoorde reliëfloos, as't ware op 'n plat vlak, naas mekaar te staan kom (biblisistiese en fundamentalistiese Skrifbenadering)[4]). Vir Berkouwer is die dilemma van krag: „skopus of reliëfloosheid. Tertium non datur"[5]).

Hand in hand met bogenoemde onderskeiding gaan 'n tweede, te wete dié tussen 'n **materiële** en 'n **formele** metode van behandeling van die verskillende aspekte en eienskappe van die Skrif. Hierdie wending na die inhoudelike en die daarmee gepaard gaande verset teen alle formalisering en isolering van die Skrif ten opsigte van sy inhoud, wil vermy dat daar apriories (nog voordat die **inhoud** van die Skrif in sig kom en konstitutief in die besinning funksioneer) 'n formele skema van kenmerke aan die Skrif opgedring word[6]). Hiermee word die aksent verskuif ván die Skrif as (heilige) **boek**, wat — ook extra usum — met inherente goddelike eienskappe bekleed is (met die dreigende konsekwensie van bibliolatrie),[7]) na die Skrif as (heils)**boodskap,** wat **qua boodskap** goddelik in sy oorsprong en inhoud, gesag, betroubaarheid ensovoorts is. In plaas van die Skrif as gegewendheid „an sich" te beskou, geabstraheer van sy instrumentaliteit as swaard van die Gees, word die Skrif benader in die dinamiese verbande van sy funksionaliteit en effektiwiteit, as die lewende en werksame Woord van God.

Vir **hierdie Skrif,** en vir die uitsig op sy **werklikheid, aard, geheim** en **gerigtheid,** word in die huidige diskussie nuwe aandag gevra[8]).

---

4. Vergelyk G. C. Berkouwer: **H.S.**, I, pp. 21-24 en 179; II, pp. 110-111; **Verontrusting en Verantwoordelijkheid**, pp. 123-124; R. Bijlsma: Schriftgezag en Schriftgebruik, p. 84 vv.
5. G. C. Berkouwer: **H.S.**, II, p. 96.
6. Byna deurgaans tref ons by Berkouwer in sy werk oor die Heilige Skrif die waarskuwing en protes teen formalisering aan. Vergelyk onder meer **H.S.**, I, p. 38 (formele Skrifgesag); idem. pp. 84, 99 en 108 (formalistiese kanonbegrip teenoor ..de fundamentele betrokkenheid van de canon op Christus"); H.S., II, p. 194 vv. (die betroubaarheid van die Skrif nie te benader met behulp van 'n formele error-begrip).
7. Vergelyk G. C. Berkouwer, H.S., I pp. 34-35 en pp. 221-223. Vir die onderskeiding boek-boodskap, vergelyk ook R. Bijlsma, aangehaalde werk, p. 90.
8. Vergelyk G. C. Berkouwer, **H.S.**, I, p. 223.

## MEDEBEPALENDE FAKTORE

Vanwaar hierdie gewysigde benadering?

As aanleidende faktore kan die volgende genoem word:

(i) Die aansprake van natuurwetenskaplike kant ten opsigte van die ouderdom en ontstaan van aarde en mens het by kerk en teologie die vraag na die eie aard en intensie van die Skrif, sy gesag en sy uitsprake gestimuleer. Sonder om die waarheidsgehalte van dergelike aansprake in sake kosmogenese, geogenese, biogenese ensovoorts blindelings te aksepteer (voordat dit uitgemaak is **wat** dwingende feit en was (nog) onbewese werk-hipotese is), moes die teologie — as hy nie by 'n uitsiglose konfliksituasie tussen Skrifgeloof en natuurwetenskap wou berus nie — opnuut oor die werklike en eintlike bedoeling van die Skrif begin besin[9]).

(ii) Die verskuiwing in die Gereformeerde teologie van 'n meer meganiese na 'n meer organiese opvatting van die Skrifinspirasie sedert Bavinck en Kuyper[10]) het die weg vry gemaak vir 'n meer genuanseerde wyse van lees en verstaan van die Bybel.

Nou doen die situasie hom egter voor dat die organiese opvatting van die teopneustie in sy draagwydte en konsekwensies nie onmiddellik ná Bavinck en Kuyper verder ontwikkel en deurdink is nie. Mens het die indruk dat die aktiewe besinning rondom die Skrifvraagstuk in die Gereformeerde teologie sedert Assen (1926) — en as gevolg daarvan? — voorlopig tot stilstand gekom het, altans wat betref die spoor wat bogenoemde ten opsigte van die teopneustie aangedui het.

Eers na ongeveer 40 jaar, in 'n minder stormagtige kerklike en denkklimaat, is begin om die perspektiewe wat met die begrip „organiese inspirasie" geopen is, daadwerklik te laat funsio-

---

[9]. Vergelyk H. L. Koole, aangehaalde werk, p. 5 vv.: G. C. Berkouwer, **H.S.**, II p. 297 vv.; **Verontrusting en Verantwoordelijkheid**, p. 155 vv. Dit beteken nie 'n knieval van teologie of Bybelgeloof voor „die wetenskap", as sou 'n meer genuanseerde visie op die Heilige Skrif primêr apologeties gemotiveer wees. Dat wetenskaplike bevindinge egter 'n **aanleidingsfunksie** ten opsigte van nadere besinning oor sekere **teologiese** bevindinge uitgeoefen het en nog uitoefen, kan onbevange erken word.

[10]. Vergelyk H. Bavinck: **Gereformeerde Dogmatiek**, I, p. 402 vv.; A. Kuyper: **Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid**, II, p. 367 vv.

neer[11]). Met name het die besef gegroei dat die voluit menslike van die Heilige Skrif onbevange erken en teologies gehonoreer moet word en dat hierdie „menslike faktor" nie in konkurrensie met die goddelike karakter en gesag van die Skrif hoef te staan nie[12]). Hierdie erkenning maak dit egter noodsaaklik om die „est" in die identiteitsbelydenis „Sacra Scriptura est Verbum Dei", nader te kwalifiseer[13]). **Hoe** is die Heilige Skrif Gods Woord as dit óók voluit **menslike** aktiwiteit behels (vgl. Luk. 1:3)? **Hoe** is dit as goddelik betroubaar te bely as feilbare mense dit bemiddel het?[14]).

Dit gaan om die **modus quo** van ons Skrifbelydenis, om die noodwendige nuansering van die „est", vanweë die werklikheid van die Skrif as Gods Woord én mensewoord.

(iii) Ten slotte het die voortgesette ondersoek van die Heilige Skrif sélf 'n direkte inwerking gehad op die wyse waarop die aksente tans gelê word. Alweer het dit in eksegetiese werke van Gereformeerde kant duidelik geword dat die gevarieerde inhoud van die Skrif telkens volgens eie aard verstaan en gedui moet word. 'n Masjal durf nie op dieselfde wyse as 'n historiese mededeling opgevat word nie! En 'n reinigingsvoorskrif uit Levitikus mag nie op gelyke wyse aan die gemeente oorgedra word as 'n paraenetiese appél uit een van die Evangelies of Briewe nie! Daar word met ander woorde baie pertinent gevra na die **konteks** en **historiese gesitueerdheid** van 'n Bybelwoord. Noukeurig word die betrokke literêre **stylsoort** in ag geneem. Die onmiddellike of verder liggende **aanleiding** en **doel** van 'n brief of perikoop (en ander vrae uit die inleidingswetenskap) word nagespeur. Die kategorieë **beloftevervulling, skadu-werklikheid, eertyds** en **tans** (Hebr. 1:1), trouens die hele **openbaringshistoriese reliëf** in die

---

11. Berkouwer en andere soek doelbewus aansluiting by Bavinck en Kuyper ten opsigte van die saak wat ons besig hou. Spesifiek vir die **skopusgedagte** word deur Berkouwer onder andere na Bavinck verwys — **H.S.**, I, p. 27 en p. 178. Bavinck praat van die **bestemming** van die Heilige Skrif, **G.D.**, I, p. 415. Met nadruk moet daarom gestel word word dat die huidige genuanseerde visie op die Skrif en sy gesag **nie** iets volstrek nuuts is nie. Vergelyk Berkouwer: **H.S.**, II, p. 110 vv. en **Het Schriftgezag** in: **De Bijbel in het Geding**, p. 8, waar hy herinner aan die tradisioneel geworde onderskeiding tussen **historiese** en **normatiewe** gezag en aan die aanvaarde stelreël dat die Skrif nie 'n handboek ter oriëntering in allerlei wetenskappe is nie. In beide gevalle word 'n **nuansering** voltrek en 'n bepaalde skopus van die Skrif erken.
12. Vergelyk H. Bavinck, **G.D.**, I, p. 402: „Reeds wat zij (de Schrift — J. F.) in het algemeen leert over de verhouding tusschen God en zijn schepsel, doet ons vermoeden, dat ook de leiding van Gods Geest in de theopneustie de zelfwerkzaamheid des menschen niet vernietigen, maar juist bevestigen en versterken zal." Vir hierdie konkurrensieproblematiek, vergelyk ook G. C. Berkouwer: **H.S.**, I, pp. 18 en 19.
13. Vir die sin van die „est", vergelyk G. C. Berkouwer, **H.S.**, I, p. 16 en II, p. 13 vv.
14. Vergelyk G. C. Berkouwer, **H.S.**, II, p. 188 vv.

wisselende en daarom so boeiende „landskap" van die Skrif word 'n bepalende gesigspunt geag vir die wyse waarop 'n teks in 'n gegewe situasie in die hede tot sprake gebring of „toegepas" word. Dit alles is niks anders as **genuanseerde Skrifgebruik** nie.

Dit blyk „werkelijk niet maar de natuurwetenschap, waarvan wij, theologen, geen verstand hebben, maar de voortgezette bestudering van de Bijbel zelf te zijn, die om nadere bezinning ten aanzien van de aard van het Schriftgezag vraagt"[15]).

## POGING TOT PRESISERING

Terwyl die skopus van die Skrif 'n sentrale funksie blyk te vervul in die nuanserende wyse van spreke oor en omgang met die Heilige Skrif, rys onvermydelik die vraag of dit moontlik is om hierdie begrip uit die Skrifinhoud self nader te omlyn en inhoudelik te vul. Ons vind ons dus onmiddellik aangewese op die bepaalde aard en struktuur van die Bybelse getuienis self. Op sy eenvoudigste gestel, beteken dit dat ons 'n antwoord sal soek op die vrae: Wat wil die Heilige Skrif **wees,** wat wil dit **bied** en wat wil dit **bereik?**

Deur die vrae so te stel, blyk dit reeds dat daar alleen genuanseerd — nie eenlynig — op die skopusvraag geantwoord kan word. Die begrip laat naamlik 'n ruimer of meer formele en 'n enger of meer materiële presisering toe. Onder eersgenoemde is „skopus" as **tendens, strekking** of **gerigtheid, aard** en **karakter, bedoeling** of **intensie** te verstaan, terwyl laasgenoemde op die spesifieke **doelwit, oogmerk** of **bestemming** waarop die Skrif gerig en afgestem is, dui. Beide is uit die aard van die saak onderling ten nouste met mekaar verweef. In wat hier volg, sal soms die formele en soms die materiële aspek van die skopus van die Skrif meer op die voorgrond tree. Daar word egter gehoop om langs hierdie weg, waarin enkele essensiële dimensies in die Skrif aangedui word, uitsig te bied op die saak waarom dit gaan.

(i) **Heilshistoriese bepaaldheid:**

Die woorde „en dit het geskied . . . " (Hebreeus: „wayehi" of „wehaya"; Grieks: „egeneto de" of „kai egeneto") kom in die Ou Testament alleen soiets soos 470 keer voor, terwyl Lukas dit in sy evangelieverhaal ongeveer 40 keer gebruik[16]).

Hierin vind ons die **verteltrant** gereflekteer, waarin die grootste gedeelte van die Bybel geskryf is. Die Skrif wil **vertel,** en soos die steeds terugkerende refrein: „en dit het geskied . . . " daaruit opklink, is 'n **geskied-enis** besig om te ontplooi.

Probeer ons 'n sentrale gesigspunt aandui waarmee dit wat gebeur het, omvattend omskryf kan word, hoef dit seker nie

---

15. J. L. Koole, a.w., p. 7.
16. By F. H. Breukelman: **En het Geschiedde** . . ., pp. 7-8.

teenspraak op te roep nie as ons sê: wat vertel word, is **die dade, die handelinge van God.** Onmiddellik moet ons daar egter aan toevoeg dat hierdie handelinge as **heilsdade** vertel word: God het gehandel **ten bate van** sy volk in 'n baie besondere sin: reddend, bevrydend, ontfermend. Die geskiedenis wat ontplooi, is wesenlik **heilsgeskiedenis.** Dit het weer op die **verteltrant** beslissende invloed: die heilsdade van God word **verkondigend** en **belydend**[17]) vertel en met **lofsange** omring (dink maar aan die doksologiese konteks waarin die dade van God in vele Psalms voorkom!)

Wat die Ou Testament betref, het Bijlsma aangetoon dat dit veral die volgende dade van God is waarop die Ou Testament telkens terugkom, te wete die reeks: skepping, die openbaring aan die aartsvaders (waaronder die roeping van Abraham), die uittog uit Egipte, die openbaring en verbondsluiting by Sinaï, die intog in en inbesitname van Kanaän en die vestiging van die Dawidiese koningskap (waarmee die Sionsberg onlosmaaklik verbonde is)[18]). Hulle vorm as't ware die uitstaande bakens op die pad van die heilsgeskiedenis in die Ou Testament. Die „interskripturale relasie" wat Bijlsma in die Ou Testament blootgelê het, stel hierdie reeks dade in hul grondleggende betekenis vir die hele Ou Testament in die lig[19]). 'n **Grondpatroon** teken sig in hulle af en hulle vervul 'n sentraliserende en integrerende funksie ten opsigte van die geheel van die Ou Testament. Bijlsma ag dit selfs vir die struktuur van die Joodse kanon van belang[20]).

'n Verdere trek wat aan hierdie geskiedenis eie is, is die feit dat God Hom in en deur sy dade aan Israel **bekend gemaak** het. Die geskiedenis wat hom afgespeel het is **openbaringsgeskiedenis.** Jahwe het sy **Naam** aan Israel bekend gemaak[21]). Vir die Godskennis en Godsbegrip in die Skrif is dit 'n wesenlike moment dat Hy Hom deur 'n geskiedenis, deur sy dade geopenbaar het. Teenoor die Griekse denke bly die Bybels-konkrete voorstelling van die **handelende** God 'n voortdurende en noodsaaklike korreksie[22]). Dit is die God wat nie onbewoë en afsydig staan teenoor die mens nie, maar heilsaam-handelend met sy volk méégaan in die geskiedenis en Hom **daad-werklik** met hul

---

17. R. Bijlsma. a.w., p. 36, praat in dié verband van „het klassieke credo."
18. Vgl. R. Bijlsma, a.w., p. 20 vv.
19. Vgl. R. Bijlsma, a.w.. p. 11 vv. en p. 35.
20. R. Bijlsma. a.w., p. 21 vv.
21. Vir die diepgrypende betekenis van die Naam van God as inklusiewe begrip vir sy dade. vgl. **Klare Wijn.** p. 111 vv. en p. 125 vv.; verder K. H. Miskotte: **Bijbels ABC,** p. 34 vv.
22. Vgl. **Klare Wijn.** p. 102 vv.; Joh. de Groot en A. R. Hulst: **Macht en Wil,** veral p. 209 vv.

lotgevalle vereenselwig. Want in sy trou het Hy Hom aan hierdie volk verbind.

Daarom is verder die **Verbond** 'n wesenlike aspek van die heilshistoriese inslag van die Skrif. Die geskiedenis wat God met sy volk gemaak het, is ook as **verbondsgeskiedenis** te tipeer (vgl. die titel van die bekende werk van S. G. de Graaf). Die verbondsverhouding fungeer as die **raam** waarbinne die heilsgeskiedenis sig afspeel[23]). Dit spreek verder van bestendige, betroubare en genadige teenwoordigheid en omgang van God by en met Israel. En dit hou die hart van die volk **toekomsgerig,** op grond van die **beloftes** wat in die kader van die Verbond hul deel geword het.

Hiermee word 'n volgende dimensie in die Bybelse geskiedenis aangesny, tewete, wat Bijlsma noem: die **heilshistoriese dinamiek** in die struktuur beloftevervulling[24]). Hiermee dui hy aan dat die heilsgebeure steeds oopstaan na die toekoms toe. Sodra die aanvanklike belofte(s) in vervulling tree, stu 'n nuwe belofte (of 'n nuwe dimensie van dieselfde belofte) opnuut die geskiedenis voorwaarts[25]). Byvoorbeeld: die belofte van die Dawidiese koningskap word ná vervulling dadelik weer 'n belofte van die Messias-koning. Die geskiedenis wat in die Skrif vertel word, is daarom nooit **afgelope** nie. Vanweë hierdie „onophoudelijke eschatologiese drif"[26]) wat die verloop daarvan kenmerk, beweeg dit immer na 'n bepaalde **doel** heen. Te midde van die heils**handelinge** van God klink daar steeds die heils**beloftes** wat hierdie doel sigbaar maak: die beloofde land, die komende Koning, die dag van die Here, die Messiaanse vrederyk ensomeer.

In die Nuwe Testament word hierdie skema verder gekontinueer. Dit is „die volheid van die tyd" (Gal. 4:4) en voortdurend keer die verwysing na die vervulling van „die Skrifte" (die Ou Testament) terug (vgl. veral die Evangelies van Mattheüs en Johannes!). Die Messias het verskyn! Die Koninkryk het gekom! Maar **tegelyk** word dit duidelik dat die beloftes nog nie „uitvervul" is nie, en die oog van die gemeente word onmiddellik geskerp vir die **tweede** koms van die Heer en die **komende** Koninkryk[27]).

---

23. Vir die integrale funksie van die Verbond in die O.T.E. geskiedenis, vgl. J. L. Koole, a.w., p. 64, waar hy sê dat die O.T. „de historie ziet als het samespel, als de voortdurende verwerkelijking van het verbond van God met ziin volk."
24. R. Bijlsma, a.w., p. 37.
25. R. Bijlsma, a.w., p. 37; vgl. J. L. Koole, a.w., p. 15.
26. R. Bijlsma, a.w., p. 37
27. Vgl. — ter illustrasie — die sprekende opskrifte by H. Berkhof: **Christus de Zin der Geschiedenis**, hoofstuk III en IV: Jesus Christus het Einde der Geschiedenis, en: Jesus Christus het Begin der Geschiedenis.

So behoort die geskiedenis waarvan die Skrif vertel — as heils- of openbarings- of verbondsgeskiedenis te tipeer — met sy unieke verlede (Gods heilsdade) en sy unieke toekoms (Gods heilsbeloftes) tot die wesensaard van die Heilige Skrif. Die historiese bepaaldheid van God se heilsopenbaring is 'n **onvervangbare** gesigspunt in die benadering van die **hele** Skrif. Die verontagsaming hiervan moet noodwendig tot fatale ontsporing lei en die werklike Skrif geweld aandoen[28]).

(ii) **Kerugmatiese struktuur:**

Onweerspreeklik soos wat die historiese karakter van die Skrifopenbaring is, kan daarmee nie **volstaan** word as aanduiding van die aard van die Skrif nie.

Die Bybel bevat geskiedenis, tog is dit nie 'n geskiedenisboek nie. Die Bybelskrywers het voortdurend vertel en beskryf wat gebeur het, tog was hulle geen „historici" nie (en **wou** dit nie wees nie!) Die hele (historiese!) Skrif is naamlik op **verkondiging** aangelê.

In die voorafgaande is reeds gestel dat die **aard** van wat geskied het, die **wyse** van vervulling daarvan bepaal. Juis omdat die dade van God as **heils**dade erken en bely word, lei dit tot **verkondigende** vertelling. Só word dit — binne die Skrif self — verder vertel, oorgelewer, getradeer.

Wanneer nou die kerugmatiese spits van die Bybelse geskiedenis geaksentueer word, beteken dit **nie** dat die kerugmatiese ten koste van die historiese op die voorgrond geplaas word nie. Beide mag nie teen mekaar uitgespeel word nie. Die **punt** is juis dat hierdie eienaardige verstrengeling van heilsfeit en heilsboodskap tot die essensiële struktuur van die Skrif behoort en daarom as **sodanig** skerp raakgesien en teologies ten volle gehonoreer sal moet word.

Hoeseer die Bybel verkondiging is en wil wees, blyk reeds daaruit dat die Skrifinhoud éérs verkondig is (byvoorbeeld die mondelinge tradering van die reddingsdade van God by Israel, die boodskap wat die profete in opdrag van Jahwe uitgespreek het voor die volk, die gelykenisse en ander woorde van Jesus) en daarná eers op skrif gestel is[29]). Daarom is dit ook begryplik dat Mattheüs aan die begin van sy evangelieverhaal na die (skriftelike!) Ou Testament kan verwys met die woorde: „wat die Here deur die profeet **gespreek** het" (Matt. 1:22).

---

28. Vgl. breedvoerig hieroor: H. M. Kuitert: **De Realiteit van het Geloof**, p. 163-213.

29. Die volgorde: mondelinge verkondiging — skriftelike optekening word in die Skrif self pertinent vermeld. Vgl. Jeremia 36:2 en Luk. 1:2. Lg. teks is tewens van belang vir die vraagstuk van die (mondelinge) tradisie binne die Skrif self.

Maar dan eindig die Mattheüs-evangelie ook met die opdrag van Christus tot verkondiging van die heilsboodskap aan alle volke (Matt. 28:19, vgl. Mark. 16:20 en Luk. 24:47). „Van verkondiging tot verkondiging loopt de weg van het geschreven Woord Gods."[30]). Meer nog: die te boek stelling het plaasgevind **nie** om die aanvanklike gesproke woord te **vervang** nie, maar **met die uitdruklike doel dat die verkondiging sal voortgaan**[31]). Die Boek is dienstig aan die Boodskap! Die versameling van die geskrifte van die Nuwe Testament in die vroeë kerk het ten doel gehad 'n kanon vir **leer** en lewe, 'n kanon dus ook vir die voortgaande **verkondiging** [32]).

Ons kan derhalwe stel: verkondiging is sowel die **bron** as die **bestemming** van die Skrif as geskrewe woord. Hiermee word uiteraard die hele Skrifinhoud tot kerugma gestempel.

Bijlsma wys daarop dat in die literêr-historiese navorsing se soeke na en ontdekking van verskillende literatuurvorme dit steeds duideliker aan die lig getree het dat „die prediking" in die Skrif nie „'n" literêre gestalte naas andere is nie, maar dat álle vorme, elk op eie wyse, niks anders as **pre**diking is nie. Die verkondigingskarakter van die ganse Skrif word steeds duideliker herken[33]). Herman Ridderbos praat in verband met die erkenning van die kerugmatiese karakter van die Skrifinhoud as 'n „omwenteling" in die Nuwe Testamentiese wetenskap[34]).

Om **hierdie** rede kan beweer word dat die Bybelskrywers geen historici in tegnies-vakkundige sin was nie. As vertellers van die „magnalia Dei" was hulle getuienis, heroute en boodskappers van die heil, dienaars en verkondigers van die Woord[35]). Daarom mag van hulle ook nie historici-teen-wil-en-dank gemáák word nie. Die evidente **intensie** moet ernstig geneem word. Dit beteken: blote beriggewing of kroniekmatig-eksakte geskiedskrywing lê buite hul gesigsveld. Hulle is geboei deur God wat aan die werk is en deur die werke van God wat konkreet gebeur het, en hierdie gebeurde wil hulle as heil verkondig.

Die verkondiging bly egter wel aan die heilsdade van God gebónde. Basis en norm van die kerugma is en bly die **geskiedenis**, respektiewelik die histories verwerklikte heil. Die Bybelse boodskap het geen ander inhoud as **dit** nie. Dit geld sowel vir

---

30. R. Bijlsma, a.w., p. 71.
31. Vgl. R. Bijlsma, a.w., p. 79.
32. Vgl. H. M. Kuitert: **Verstaat gij wat gij leest?**, p. 47.
33. R. Bijlsma, a.w., p. 80. Vgl. **Klare Wijn**, p. 192: „De Bijbel is naar zijn hele opzet en structuur kerugmatisch".
34. H. N. Ridderbos: **Heilsgeschiedenis en Heilige Schrift**, p. 105 en p. 111.
35. Vgl. F. H. Breukelman, a.w., p. 14.

die Ou as vir die Nuwe Testament. Daarom sal alle poging om 'n geskiedenis-lose kerugma uit die Skrif te destilleer, onmoontlik met die Bybelse kerugma vorendag kan kom[36]).

Hierdie „Ineinander" van kerugma en geskiedenis kan nie straffeloos verloën word nie: enersyds die kerugmatiese meerwaarde van die geskiedenis (omdat dit **heils**geskiedenis is); andersyds die historiese gefundeerdheid van die kerugma (omdat die heil van God in die **geskiedenis** ingegaan het).

(iii) **Christologiese sentraliteit:**

Het die voorafgaande twee gesigspunte alreeds enigsins uitsig gebied op die wesenlike struktuur van die Skrif, tans kan enkele stippellyne wat reeds sigbaar geword het, verder deurgetrek en enkele formele aanduidinge inhoudelike gevul word.

By die heilshistoriese bepaaldheid van die Skrif is die aandag reeds gevra vir die **doelgerigtheid** van God se heilshandelinge in die geskiedenis en vir die telelogiese drif en dinamiek wat in die struktuur belofte-vervulling-belofte sigbaar word, 'n struktuur wat in die Nuwe Testament gekontinueer word.

Wanneer nou van Nuwe Testamentiese Skrifinhoud nader bekyk word, kom ons voor die elementêre feit te staan **dat haas alle verwysings na die vervuiling van die Skrifte Christologies toegespits** word. Byna kan 'n mens sê: te pas en te onpas gaan die Nuwe Testamentiese skrywers uit hul pad uit om die groot vervulling wat met die koms van Jesus van Nasaret ingetree het, met die onweerspreeklike gesag en evidensie van „die Skrifte" aan te toon[37]). Die Messiaanse perspektiewe wat in die Ou Testament aangedui en deur die Septuaginta in nog skerper kontoere voor oë gestel word[38]), word op 'n wyse wat vir ons soms gedurfd voorkom, maar wat gedra word deur die vreugdevolle herkenning van 'n gespanne geloofsverwagting, op Jesus as die Christus toegepas. „In Jezus van Nazareth (wordt) het doel van alle oudtestamentische geschiedenis gezien. Hij is het brandpunt, dat de stralen van de Schrift bundelt."[39]).

---

36. Vgl. G. Bergmann: **Alarm um die Bibel**, p. 42 vv., wat erken: „Die Verkundigung ist ein Uranliegen der Bibel," maar die sogenaamde „kerugma-teologie" daarvan beskuldig dat hy met 'n ander kerugma-**begrip** (as die Bybelse) opereer. Vir die verhouding kerugma en geskiedenis vgl. verder nog G. C. Berkouwer: **H.S.**, I, p. 29 vv., p. 192 en p. 211 vv.; **H.S.**, II, p. 205 vv.; asook J. T. Bakker: **Kerugma en Prediking**, p. 22 vv. R. Bijlsma, a.w., pp. 8.-83 en p. 119.
37. Vir uitvoerige verwysings na elke boek in die N.T. vgl. R .Bijlsma, a.w., p. 48. vv.
38. Vir die opvallende verskynsel hoeseer die Septuaginta 'n „Messiaanse" vertaling is, vgl. R. Bijlsma, a.w., p. 40 vv.
39. R. Bijlsma, a.w., pp. 15-16.

Alhoewel daar in die Nuwe Testament en vanuit Jesus Christus óók weer 'n toekomsperspektief ontsluit word, word **Sy** koms en werk tog as die vervulling by uitstek beskou. Ook deur Jesus Self! Wanneer Hy in die sinagoge te Nasaret uit Jesaja 61 voorlees, klink die gevolmagtigde uitleg: „Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul" (Luk. 4:21). As Hy saam met die Emmaüsgangers op pad is, verwys Hy — verwytend — na „alles wat die profete gespreek het" (Luk. 24:25) en dan vertel Lukas verder: „En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê (dihermeneusen!) in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk. 24:27). Vergelyk ook Joh. 5:39 en 46.

Dit gaan in die Nuwe Testament egter nie net om die vervulling van ekele, min of meer geïsoleerde Ou Testamentiese perspektiewe nie, maar inderdaad om die vervulling van die ganse Skrif in Christus[40]). Gods daad in en met Jesus is die **sentrale** heilsgebeurtenis. Rondom **hierdie** sentrum is die totale Skrif gestruktureer. Van hieruit verkry die hele Ou Testament die karakter van voorbereidende en vóórgeskiedenis van Jesus Christus, terwyl die Nuwe Testament die „nabetragting op de in Hem verschenen openbaring"[41]) vorm.

Dit is hierdie unieke Christologiese sentraliteit van die ganse Skrif, wat die essensiële skopus van die Skrif uitmaak. Gevarieerd is die formuleringe wat die Christusgeheim van die Heilige Skrif onder woorde probeer bring. Heinrich Vogel noem dit die „Herrengeheimnis" van die Openbaringswaarheid[42]). Gerhard Bergmann praat van Christus as „die perspektivische Mitte" van die Skrif[43]). Kuitert: „Jezus' werk in zijn draagwijdte voor ons leven en onze wêreld"[44]).

Wanneer dan in die Nuwe Testament die verkondiging, getuienis en lering klink, het dit niks anders tot inhoud nie as die heilsdaad van God in Jesus Christus. As die apostels op die Pinksterdag begin preek, hoor die menigte hulle vertel van „die groot dade van God" (Hand. 2:11). Maar „magnalia Dei" blyk dan in die boodskap van Petrus geheel gekonsentreerd te wees in Jesus Christus! (Vgl. Hand. 2:21 vv.). Wanneer Paulus sy verkondigingsarbeid oorsien, skryf hy aan die gemeente te

---

40. Vgl. idem, p. 73 vv. en p. 126.
41. Idem, p. 74. Vgl. H. Bergmann, a.w., p. 94 vv.: die O.T. as „Vorausschau" en die N.T. as „Rückschau" op Jesus Christus.
42. H. Vogel: **Wenn ist ein theologisches Satz wahr?** in KduD 1958, p. 179.
43. H. Bergmann, a.w., p. 101.
44. H. M. Kuitert, **Verstaat gij wat gij leest?**, p. 45, vgl. pp. 36, 48, 63. Vgl. verder Berkouwer: **H.S.**, II, p. 95 vv., p. 302 vv. en passim. Vir die Reformatore vgl. H. W. Rossouw: **Klaarheid en Interpretasie**, p. 189 vv.

Korinthe dat hy niks anders gebring het en wou bring nie as „Jesus Christus, en Hom as Gekruisigde" (1 Kor. 2:2, vgl. 1:23 en II Kor. 1:19). Die hele apostoliese verkondiging is op Hóm gekonsentreer. Daarom kan daar telkens in die Nuwe Testament eenvoudig staan dat **Christus verkondig** word (Byvoorbeeld Hand. 8:5; Kol. 1:27, 28).

Dit is hierdie gesentraliseerde en konsentratiewe aard van die Bybelse kerugma wat sonder meer onmisbaar te noem is as leidende gesigspunt vir 'n legitieme, met die aard en intensie van die Skrif korresponderende, omgang met en beskouing oor die Skrif. Die heilsdaad van God in Jesus Christus is die sentrale „saak", die „res" waarom dit in die Skrif gaan. Op hierdie **saak** was die Bybelskrywers in hul „vertellende verkondiging" betrokke en hierdeur beheers. En op húl wyse vertel hulle **presies** en **betroubaar dit-wat-geskied-het**, soos geen „historikus" of kroniekskrywer of biograaf dit ooit kon vermag het nie[45]).

Toe die reformatore in 'n totale wending na die „sola Scriptura" hulle met 'n ongekende intensiteit in die **inhoud** (die „verba") van die Heilige Skrif verdiep het, het hulle geleer om hierdie verba te lees, te verstaan en te verklaar in en vanuit hul betrokkenheid op die „res", die „perspektivische Mitte" van die Skrif[46]). **Op geen ander manier kan die Skrif reg gelees, gehoor en verstaan word nie.** Waar die **woorde** van die **saak** losgemaak en op sigself gestel word, **het** dit gelei en **moet** dit lei tot 'n nivellerende visie op die Skrif, met funeste gevolge vir onder meer die opvatting van die theopneustie, die betroubaarheid en die duidelikheid van die Heilige Skrif[47]).

Wil die Woordverkondiging van die kerk vandag werklik **saak-matig** in Bybelse sin wees, sal dit moet geskied volgens die norm van die apostoliese prediking en in die trant van die reformatoriese opmerksaamheid vir die Christologiese sentraliteit van die Skrifinhoud. In die aanvaarde homiletiese eis van Christosentriese prediking en die Christologiese ontsluiting van 'n Skrifteks word hierdie Skrifverstaan suiwer gereflekteer.

(iv) **Soteriologiese motief:**

In die nouste samehang met die Christusopenbaring as fokale punt van die Skrifgetuienis, soos dit in die bedding van die heilsgeskiedenis gesiteer is en kerugmaties bemiddel word, moet die **doel** waarop die Skrifboodskap afgestem is, in die oog gevat

45. Vgl. F. H. Breukelman, a.w., p. 14.
46. Vgl. H. W. Rossouw, a.w., p. 186, p. 190 vv. en p. 333 vv.; G. C. Berkouwer, **H.S.**, II, p 173, p. 263 en veral p. 265 vv.
47. Vgl. H. W. Rossouw, a.w., p. 271 vv.; G. C. Berkouwer, **H.S.** II, p. 13 vv., p. 188 vv. en p. 247 vv.

word. Immers, die Heilige Skrif as Woord van God wil iets bereik, wil effek sorteer (vgl. Jes. 55:11), en die Christuskerugma is tewens 'n **appél** wat 'n **antwoord** soek.

In enkele tekste word hierdie oogmerk van die Skrif — en van die Heilige Gees sélf deur die Skrif — onomwonde aangedui. Baie bekend is in die betrokke literatuur die verwysing na Joh. 20:31 en 2 Tim. 3:15-17. Daarnaas kan genoem word 1 Joh. 5:13, Rom. 15:4 en Rom. 16:25-26. In al bogenoemdes gaan dit om die doel van die **Skrifte.** In samehang daarmee kan egter ook woorde aangehaal word waarin die doel van Christus se koms (bv. Mark. 10:45, Matt. 9:13, 1 Tim. 1:15 ensomeer), die doel van die Evangelie (bv. Rom. 1:16) en van Paulus se apostelskap (Rom. 1:5) aangedui word. Wat beoog word, is geloof in Jesus as die Christus en Seun van God, sekerheid aangaande die ewige lewe, opbou en saligheid, redding en geloofsgehoorsaamheid.

Dit gaan om die reddingswil van God en om die heil van die mens! Die „philanthroopia" van God staan agter die Evangelie. Die sending van sy Seun en die gawe van die Heilige Skrif is soteriologies gemotiveer.

Hierdie intensionaliteit van die Skrif as heilsboodskap is deur die reformatore opgevang en onder woorde gebring in die „pro me" — en „pro nobis"-struktuur van die Evangelie[48]). Die Skrif is op die **mens** afgestem en be-doel sy heil. Ook die soteriologiese skopus van die Skrif: **die Skrif as reddende Evangelie vir die sondaar** moet in die teologiese én praktiese Skrifgebruik gehonoreer word, ten einde die Skrif volgens sy **intensie** te gebruik en die gevaar te vermy om die Skrif te oorvrá, of die Skrifte laat sê en te laat wees wat dit nie bedoel om te sê of te wees nie.

Hier mag ook nog dit opgemerk word,dat die begrip „heil" ook weer nie antropologies versmal en begrens mag word nie. Met sy konsentrasie op Jesus Christus en sy gerigtheid op die mens („pro me"), is in die begrip „heil" ook meegegee 'n geweldige **verbreding,** tot kosmiese afmetings toe. Dink maar aan die skildering in Jes. 35, aan die sugtende skepping (Rom. 8:19vv) en aan die nuwe hemel en die nuwe aarde (II Petr. 3:13 en Openb. 21:1)[49]).

(v) **Teo-doksologiese finaliteit:**

Voorafgaande gesigspunt is ook weer nie volledig as **dit** nie bygevoeg word nie: in die Heilige Skrif en in die heil wat dit verkondig, loop alles ten slotte uit op die eer en die verheerliking

---

[48]. Vgl. G. C. Berkouwer, **H.S.**, I, p. 167 en p. 173; **H.S.**, II, p. 266; H. W. Rossouw, a.w., p. 202 vv.
[49] Vgl. K. H. Miskotte, a.w., p. 103 vv.

van God. „Uit Hom en deur Hom en **tot** Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid". (Rom. 11:36).

**Juis** rondom die heil wat die mens se deel word, rys die loflied op. Dit is op die lofsange van **Israel** — die volk van Sy verlossende bemoeienis — dat God troon. By die aanskoue van God se groot heilsdaad reageer die herders met lofprysinge (Luk. 2:20). Na genesings deur die hand van Jesus word God verheerlik (bv. Luk. 5:26). En in Openb. 5 is dit die **verlostes** wat die eer en heerlikheid en lof toebring aan Hom wat op die troon sit en aan die Lam[50]).

Die eer van God en die Heil van die mens . . . Nooit kan en mag die een teen die ander afgespeel word nie. **In** sy gerigtheid op die heil van die mens, beweeg die Heilige Skrif na die verderliggende doelwit, die **einddoel** van ál Gods weë en werke: Godverheerliking finaliteit[51]).

Die Skrif, as boodskap van die heil van God in Christus Jesus, is op die **mens** betrokke: „pro me". Maar juis wanneer hierdie doel **bereik** is, dien dit: „ad maiorem gloriam Dei!"

## SLOTKONKLUSIE

Teen wat ons as 'n „genuanseerde Skrifbeskouing" probeer teken het, soos dit opkom uit die **organiese** karakter van die teopneustie van die Heilige Skrif en gedra word deur die oortuiging dat dit die Skrifgetuienis sélf is wat hierdie sentraliteit en intensionaliteit, en daarom die nuanse en reliëf as wesensaard van die Skrif vertoon, het daar in die laaste jare met name in Nederland aanmerklik weerstand en verset gerys[52]).

Die diskussie is nie op alle punte ewe duidelik nie. Diegene wat verontrus voel, bepleit nie 'n simplisties-nivellerende visie op die Skrif nie en wil self ook wel nuanseringe erken. Die protes gaan byvoorbeeld nie lynreg teen die skopusgedagte in nie, maar daar word gevrees vir misbruik van die begrip in die rigting van relativering van die gesag en betroubaarheid/onfeilbaarheid van die Skrif.

Daarteenoor is en word dit by herhaling gestel dat die gesag en betroubaarheid van die Skrif **nie** in die geding is nie, maar dat die diskussie sal moet gaan om die eie **aard** van die Skrifgesag, soos dit deur die unicas van die Skrif self geëis word. Op hierdie stadium skyn dit asof 'n reële uitsig in die polemiek nog ontbreek.

---

50. A. B. du Preez: **Die dualistiese inspirasieleer,** p. 379, praat van die teosentriese doel van die Skrif — in afweer teen 'n antroposentriese versmalling. Vgl. G. C. Berkouwer: H.S., II, p. 99.
51. Vgl. I Kor. 15:28: „God alles en in almal."
52. Vgl. ter oriëntering G. C. Berkouwer: **Verontrusting en Verantwoordelijkheid.**

Probeer 'n mens die bevrydende van hierdie beskouing peil, mét die gevare wat dit omring, is die konklusie, dat die skopusgedagte (en wat onmiddellik daarmee saamhang) onloënbaar met die Skrif self gegee en in die reformatoriese teologie en Skrifverstaan gewortel is.

Maar: die skopusbegrip mag in die hantering daarvan nie **oorspan** word nie. Dit mag nie tot 'n **noemer** word waaronder die Skrifinhoud — in die rykdom van sy gevarieerdheid — resumérend tuisgebring word nie. Wanneer dit **tematies** begin funksioneer om eensydig enkele „hoofwaarhede" uit te lig, word van die Skrif opnuut 'n sisteem van waarhede in idealistiese sin gemaak, en kan dit tot wesenlike verkorting van die Skrifinhoud lei.

Dit **hoef** egter nie. Die begrip self bring dit nie noodwendig mee nie. En die **historiese** karakter van die Skrifopenbaring verset sig altyd ten beste teen sodanige idealistiese verminking.

Die skopusbegrip vervul die funksie van 'n **sleutel:** dit verleen **toegang** tot die skatkamer van die Heilige Skrif. Maar eenmaal binne, moet dit steeds die Skrifgetuienis sélf wees wat tot spreke kom en wat toegelaat word om sig **uit** te spreek.

Wanneer dit daartoe dien om ons weer met nuwe geloofsaandag te laat **luister,** van ons weer **ecclesia audiens** maak, ons weer met die **Deus loquens** konfronteer, dan het dit **diepe** sin en eminente teologiese betekenis.